Pretoria- 10 Augustus 2014

Skriflesing: 2 Johannes 1:4-11
Nederlandse Geloofsbelydenis**: Art 19**
Teks**: Johannes 1:1-3,14,**
Sing- Ps. 86:6,7; Ps. 123:1; Sb. 5:1,2 (4-8)

2 Johannes 1:4-11

2Jn 1:4 Ek was baie bly dat ek van u kinders gevind het wat in die waarheid wandel, soos ons ‘n gebod van die Vader ontvang het.
2Jn 1:5 En nou bid ek u, uitverkore vrou, nie asof ek u ‘n nuwe gebod skryf nie, maar een wat ons van die begin af gehad het: dat ons mekaar moet liefhê.
2Jn 1:6 En dit is die liefde, dat ons wandel volgens sy gebooie. Dit is die gebod soos julle van die begin af gehoor het dat julle daarin moet wandel.
2Jn 1:7 Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris.
2Jn 1:8 Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar ‘n volle loon ontvang.
2Jn 1:9 Elkeen wat ‘n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun.
2Jn 1:10 As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie.
2Jn 1:11 Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bose werke.

Johannes 1:1-3,14,

Joh 1:1 In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.
Joh 1:2 Hy was in die begin by God.
Joh 1:3 Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

Joh 1:14 En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.

Artikel 19: Die twee nature van Christus

Ons glo dat deur hierdie ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik met die menslike natuur verenig en verbind is; dat daar dus nie twee Seuns van God of twee persone is nie maar twee nature in een Persoon verenig, terwyl elke natuur nogtans sy onderskeie eienskappe behou. Net soos die Goddelike natuur altyd ongeskape gebly het, sonder begin van dae of lewenseinde (Heb. 7:3) en hemel en aarde vervul, só het ook die menslike natuur sy eienskappe nie verloor nie; dit het skepsel gebly, wat wel 'n begin van dae het, eindig van natuur is en alles behou wat by 'n ware liggaam behoort.

Hoewel Hy daaraan deur sy opstanding onsterflikheld gegee het, het Hy die egtheid van sy menslike natuur nie verander nie, omdat ons saligheid en ons opstanding ook van die egtheid van sy liggaam afhanklik is. Hierdie twee nature is só saam in een Persoon verenig dat hulle selfs deur sy dood nie van mekaar geskei was nie.

Dit wat Hy by sy sterwe in die hande van sy Vader oorgegee het, was dus 'n ware menslike gees wat uit sy liggaam uitgegaan het. Die Goddelike natuur het in die tussentyd steeds met die menslike natuur verenig gebly, ook toe Hy in die graf gelê het. Die Godheid het nie opgehou om in Hom te wees nie; dit was in Hom toe Hy 'n klein kindjie was, al het die Godheid Hom toe 'n kort tydjie nie geopenbaar nie. Ons bely daarom dat Hy ware God en ware mens is: ware God om deur sy krag die dood te oorwin, maar ook ware mens om deur die swakheid van sy vlees vir ons te kon sterwe.
Matt. 28:20; Joh. 10:13; Ef. 4:8, 12; Heb. 7:3; Matt. 26:11; Hand. 1:11; 3:21; Luk. 24:39; Joh. 20:25; Hand. 1:3; Matt. 27:50.

Skriflesing: 2 Johannes 1:4-11
Nederlandse Geloofsbelydenis**: Art 19**
Teks**: Johannes 1:1-3,14,**
Sing- Ps. 86:6,7; Ps. 123:1; Sb. 5:1,2 (4-8)

Broeder en suster, dit wat art 19 Nederlandse Geloofsbelydenis bely staan weer duidelik in aansluiting by art 18. Ons was die vorige keer aangegryp deurdat die ewige Seun van God Mens in ’n mens geword het. In Maria is Hy ontvang en gebore. Dit gaan oor die volle

menswording van Jesus Christus. Dit was die volheid van die tyd, waar Christus van sy hemelse heerlikheid afstand moes doen. Daar moes 'n ontlediging kom. Ons het die woorde in Fil. 2:7-8 in verband gebring- *maar* (Hy- Jesus) *het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis...* Dit wat met die woord ontledig verband hou is dat Jesus 'n vernietiging in Homself moes laat gebeur. Hy moes Homself leegmaak van wat sy krag en heerlikheid in alles nog altyd was. Ons het toe reeds gewys dat Jesus Homself moes verydel, 'n verydeling het plaasgevind.

Dadelik sou baie hieruit wou aflei maar dat Jesus het deur sy menswording sy Godheid afgelê, om mens te wees moes Hy ophou om God te wees. Hy moes Hom leegmaak deur nie meer God te wees nie. Geliefdes wie dit so wil glo is met 'n baie akute oeroue dwaling besig. De Bres wat die Nederlandse Geloofsbelydenis opgestel het, het geweet al skryf hy baie dinge in vrees vir hulle wat sy lewe wil neem omdat hy glo wat hy glo, het hy nie vir 'n oomblik geaarsel om die waarheid in wat hy glo ten alle tye met alles wat hy is en het te verdedig nie. Ons het in 2 Johannes gelees hoe ernstig dwalinge mens heeltemal op die verkeerde spoor kan bring. Vers 7 sê dan ook *7 Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris.*

***

Ons besef met art 19 Nederlandse Geloofsbelydenis word wêrelde geskei. Op hierdie verstaan van art 19 het ons die eintlike strydpunt tussen die Westerse en die Oosterse kerke. Nou weet ons tot vandag oos en wes in kerk-wees het nog nie bymekaar kon uitkom nie. Alhoewel ons tog agterkom selfs in sg. kerke met gereformeerde belydenis daar al meer 'n geneigdheid kom om van die Oosterse elemente in kerk-wees in te dra. Dit daargelaat...

Wie art 19 Nederlandse Geloofsbelydenis mooi nalees en die Woord van God hierin nagaan, sal dadelik erken dat in baie opsigte eintlik nie gepraat word van ons verklaar die twee nature van Christus nie, want soos die leer van die uitverkiesing 'n mens klein moet maak, so ook nou weer hier.

Die Johannes-evangelie, die eerste hoofstuk so ryk, het ons dit gelees- die eerste drie verse gaan oor Hom wat waarlik God is, dan kom vers 14 en dit gaan oor die Woord wat vlees geword het en die Woord het onder ons kom woon...

Ons staan voor dinge wat vir ons verborge is, dinge wat as groot misterie erken moet word, maar hoe versigtig moet ons wees om nie met die misterie die mistiek te omhels nie, om nie dit wat misterie is, misterieus te wil maak deur jouself te verloor in wat jy as mens voor God moet wees nie. Om jouself die goddelike te wil indink terwyl ons mense is, ons is nie God nie! Ons kan maar net bely wat God van Homself openbaar, ook in wat ons nie met ons verstand alles kan verklaar nie, kan wel nog bely word.

Dit maak 'n belydenis eintlik net nog groter en sterker dat as my verstand dit nie kan uitklaar nie, my hande kan dit nie verwerk nie, dan moet die tong maar net sê wat God sê, niks meer en niks minders nie. Die hart word in ootmoed klein want ons staan voor die grote God en besef hier moet ons in ons woorde versigtig wees en baie mooi dink voor ons praat. So was daar in die geskiedenis die verskil oor soms net een lettertjie, want het volgelinge van 'n sekere Arius gesê, ons het hier 'n *Homoi oesiane* – of so het die volgelinge van Athanasius weer gesê ons staan voor die *Homo oesiane*. Net die klein i (met die kolletjie op- HOMOI of HOMO) dit maak 'n geweldige verskil. Arius se *homoi oesiane* kom daarop neer, die Seun lyk na God, terwyl Athanasius se *homo oesiane* - daarop neerkom dit gaan nie daaroor dat Hy na God lyk nie, maar Hy is aan Hom (aan God) gelyk.

***

U sal agterkom dit is ook hoe art 19 dit hanteer. Met ootmoed in die grootste eerbied word ons voor die goddelike verborgenheid geplaas deur niks te wil verklaar nie, maar net te bely dat Jesus is nie twee identiteite nie, Jesus het nooit oorgegaan deur van die goddelike natuur na die menslike natuur te verskuif nie, sy mensheid is nie 'n super-mensheid nie, ek kan Hom nie Godmens noem nie, so asof hy maar so bietjie van beide het maar nie in een is Hy meer wat Hy was nie.

Ons kan wel die twee nature onderskei maar wees versigtig om soos sommige van die vadere van ouds te maak. Eutyches wat so 378-454nC gelewe het, het geglo dat toe Christus mens geword het, het Hy 'n totaal nuwe skepping geword. Op geen manier kon Hy meer wees wat Hy vroeër was nie. Dit word so voorgestel, een glas yskoue water, een glas vuurwarm water, word gemeng dan word dit 'n kombinasie van die twee maar die glas wat dan gemeng is, kan

nie wees soos een van die twee waaruit dit gekom het nie. So wou Eutyches dan dit verklaar dat die goddelike en die menslike natuur van Jesus so met mekaar in verband gebring was dat Jesus eintlik nie meer enige van die twee in aparte hoedanigheid kon wees nie. Eenkant iets van God, anderkant iets van mens, maar ook weer nie volledig net mens nie. Eusybius glo in iets van 'n vermenging van die twee nature... ja 'n ander skrywer stel dit hom so voor soos water en wyn gemeng kan raak dan is nie een meer wat dit was nie, so sien hulle dit, maar dit is 'n dwaling.

Nestorius het Eutyches wou korrigeer, ja Nestorius was biskop van Konstantinopel so 428nC want stel hy weer dit in die beeld van olie en water. Christus was opgemaak uit twee verskillende persone, die een persoon is menslik, die ander persoon dan goddelik. Hulle kan teen mekaar kom maar hulle meng nie. Die olie sal heeltyd bó die water bly dryf, tog bly die olie onderskeidelik olie, die water daaronder bly water, die menslike is dan die olie wat bo die goddelike kom dryf het, want God sal nie gemeng in 'n mensheid na vore kom nie (soos Eutyhes dit wou indink nie) , maar tog was Jesus dus eintlik een wat opgedeel was, 'n Godmens, God en mens. Wanneer Nestorius se dwaling begin deurwerk toe vind daar in 451nC 'n baie belangrike sinode plaas. Bekend as die sinode van Chalcedon. Hierdie sinode moet egter ook weer meer as 120 jaar teruggeneem word, want voor Chalcedon was daar die sinode van Nicea- Ons belydenis van Nicea stel dit dan ook hoe Christus God is, in alles God-

Tydens die sinode van Nicea is daar al met formulerings begin, dit vind plaas. (Jun.-Jul 325nC) toe is daar reeds bely- *Die Seun is een in wese met die Vader.* So amper 50 jaar later stel 'n sinode op Konstantinopel in 381 n.C. die belydenis van Nicea vas waar daar enkele uitbreidings gekom het. Oor die twee nature van Christus bely ons- **Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het. Hy het ter wille van ons, mense, en ons saligheid uit die hemel neergedaal en het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria vlees geword; Hy het mens geword...** Ja, dan kan ons nie anders as om na Athanasius ook te luister nie. Athanasius ook genoem die vader van die regsinnigheid - Ons belydenis is by Athanasius baie uitgebreid oor die Godheid en die mensheid van Christus- In hierdie reëls bely ons as daar staan- **So is die regte geloof dan: Ons glo en bely dat ons Here Jesus Christus, die Seun van God, tegelyk God én mens is. Hy is God uit die Wese van die Vader, voor alle tye gegenereer, en mens uit die wese van sy moeder, in die tyd gebore; volkome God,**

volkome mens met 'n redelike siel en menslike vlees, na die Godheid aan die Vader gelyk, na die mensheid minder as die Vader. En alhoewel Hy God en mens is, is Hy nogtans nie twee nie maar een Christus. Hy is een, nie deur verandering van die Godheid in die vlees nie maar deur die aanneming van die mensheid in God. Hy is in alle opsigte een, nie deur vermenging van die wese nie maar deur die eenheid van die Persoon. Want soos die redelike siel en die vlees een mens is, so is God en mens een Christus

***

Wanneer ons vandag Jesus as ware God en ware Mens bely, Hy is dit waarlik tegelyk, sy twee nature is ongedeel, ongeskeie, onvermeng, onveranderd, dan bly Hy een identiteit, Hy is een Persoon, tog as daar nou seker een Mens op hierdie moes wees Wie se aardse ouers nie altyd alles kon verstaan nie, dan was dit Josef en Maria. Ons kan hulle dit ook nie verkwalik nie. Josef en Maria staan by Hom as Mens, hulle kon ook nie behoorlik by die feite uitkom as dit daaroor gaan dat Hy ook God is nie.

Josef betrek Jesus in die werk van ’n timmerman, maar dink u in Jesus wat nie foute kon maak nie, wat in alles volmaak God is, hoe dit Hom moes pynig die foute van my ouers, my broers, my susters, sy hele huisgesin, verkeerde besluite wat mense neem, dit terwyl Jesus op geen manier deel daarvan was nie, maar dit tog in mense moes sien. Hy wat God is, ook vir mense wat kinders moes grootmaak. Die kruis van ouerskap met alles wat dit van jou vereis om pa en ma vir jou kind te wees, Jesus ken daardie sorge, daardie bekommernisse daardie komplekse verhouding tussen ouer en kind. Maria en Josef neem ’n keer die 12 jarige Jesus na Jerusalem met hulle saam (Lukas 2:41-52). Dit is Paasfees. Dan lees ons maar Jesus is meer as net die 12 jarige kind, Hy verdiep Hom so in die dinge van sy Hemelse Vader dat ma en pa op aarde, al op pad terug was en in hulle misverstande, weer menslike swakhede wat uitkom, het hulle gedink hy is ook op pad terug, Hy is net nie nou by ons nie.

Dit om later agter te kom, Hy is in Jerusalem, in die tempel, alles behalwe deel van ’n teruglopende mensegroep, Hy is waar God waarlik in sy godheid sy Seun leer in die dinge wat mense nie kan leer nie. Hy is steeds God in waar Hy ook Mens is. Hy wat besef die lammers wat op hierdie Paasfees so geslag moet word, is alles maar net die teken tot Hom die Lam wat vir ons sondeskuld geslag sou word. Daar is egter steeds die 5de gebod vir Hom as Mens om na te kom, sy ouers op aarde moet gehoorsaam word, so doen Hy dit ook, Hy bedek ouers se swakhede, maar Hy bedek ook deur sy gehoorsaamheid die swakhede tussen ouers

en kinders. Daarvoor het Hy gelewe, om ouers waarlik hulle ouerskap te leer, daarvoor het Hy gesterwe, ook vir ouerskap was Hy in die graf, drie dae dood, ook vir sy ouers in die graf van ’n ander Josef, Josef van Arimathea. Hy bly twee nature in een Persoon.

Daarom dat art 19 ons laat bely Hy is nie maar ’n liewe Jesus-mens, ’n magtelose martelaar, wat soms probeer het om God te wees nie. Hy is waarlik God en veral na sy opstanding uit die dood was sy goddelike natuur in toenemende heerlikheid sigbaar. Daarin het mense Hom moes leer ken, sommer by die graf weet Martha nie dadelik met Wie sy praat nie, sy dog dis die tuinman, maar toe sy Hom eers erken, toe is Hy waarlik God- sy noem Hom Rabboeni, m.a.w. my Meester, ’n ware Rabbi, Thomas erken Hom as *my Here en my God,* Stefanus sien in die gesig van sy dood die lewende Jesus wat staan aan die regterhand van die Hemelse Vader. Ja, Hy wat God is, is in alles die verheerlikte Mens, want Paulus beleef die heerlikheid van Jesus as ’n verblindende lig wat Hom op die grond laat val en dan in Openbaring 1:1 was die bejaarde Johannes soos ’n dooie by die voete van Jesus want het Jesus se verskyning hom oorweldig. Die heerlikheid waarmee ons sy Godheid bely word in allerhande beelde na vore gebring. ’n heerlikheid soos van die son wat op sy helderste skyn, Hy is by die Hemelse Vader, Hy tree vir ons, in alles is Hy God. Hy sal weer na ons terugkom met die wolkbedekking soos Hy van ons weggegaan het en Hy sal Satan met die asem van sy mond verdelg (2 Thess.2:8). Die Nederlandse Geloofsbelydenis stel dit dat sy Godheid vervul hemel en aarde.

Tog moet ons sy menslike natuur in alles raaksien. Hier sê die Nederlandse Geloofsbelydenis **só het ook die menslike natuur sy eienskappe nie verloor nie; dit het skepsel gebly, wat wel 'n begin van dae het, eindig van natuur is en alles behou wat by 'n ware liggaam behoort. Hoewel Hy daaraan deur sy opstanding onsterflikheld gegee het, het Hy die egtheid van sy menslike natuur nie verander nie, omdat ons saligheid en ons opstanding ook van die egtheid van sy liggaam afhanklik is. Hierdie twee nature is só saam in een Persoon verenig dat hulle selfs deur sy dood nie van mekaar geskei was nie...**

Jesus in sy volle menslike natuur kan in die kortste vers in die Bybel saamgevat word. Johannes 11:35- ***35*** *Jesus het geween.* Die trane wat daar uit Jesus kom laat ons besef ons het ’n God wat kan huil. Dit gryp ons binneste aan want u weet hoeveel hartseer, hoeveel pyn is daar in hierdie wêreld. Hier word baie gehuil. Dit weet ons. Daar word oor baie dinge gehuil. Wanneer mense verskrik en bang is (Op 18:15), wanneer magteloosheid mens tot

trane dryf (Gen. 21:16), daar word gehuil wanneer die pyn te veel is (Jes. 65:14)- ja sonde maak ook trane soos Jesus 'n keer daarop gewys het- Luk. 23:28- ***28*** *Maar Jesus het Hom omgedraai en vir hulle gesê: Dogters van Jerusalem, moenie oor My ween nie, maar ween oor julleself en oor julle kinders...* Elke traan is vir God belangrik. Soos die digter van Ps. 56:9 ook hierna kyk- *U het my omswerwinge getel; hou my trane in u kruik; is hulle nie in u boek nie?* Trane wat opgeskryf word, opgeberg word, maar nou terug by die menslike van Jesus. Jesus het geween. Hy huil nie oor Lasarus dood is nie, dit kan ons dadelik weet want het Jesus Self gesê- Joh. 11:25 *Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe...* Jesus stort nie 'n enkele traan oor Lasarus self nie, want al het hy gesterwe Jesus weet waar Lasarus nou is, Jesus weet van die lewe waarby Lasarus in sy sterwe dit as wins verkry het. Ons moet nie die fout maak om te dink as Jesus huil Hy huil oor Lasarus dood is nie.

Nee, die menslike natuur waarbinne Jesus begin ween het, het te doen met Lasarus se twee susters- Jesus huil oor hulle huil, Jesus huil oor Hy hulle so lief het en dit maak dat Jesus ween. Hulle hartseer word sy hartseer. Hy wat alles in ons plek kom doen. In ons plek selfs moes Hy huil. Hy dra die volle vrag ook na sy menslike. Dit gryp ons aan Hy wat God is, Hy wat Mens is, direk hierna kom Lasarus lewend die graf uit. God is die God van die lewendes, dit wys Jesus terwyl sy wange nog nat kon wees oor die menslike ellende en hartseer wat daaragter daardie graf lê.

***

Wanneer ons art 19 Nederlandse Geloofsbelydenis in sy versigtige woordkeuse, in sy napraat van die Skrif lees dan weet ons hier het ons God in sy Seun wat waarlik mens is. Dit bied so 'n ryke troos aan ons. Ons het 'n Verlosser wat weet wat dit is om 'n mens te moet wees. In sy menslike natuur het Hy vir ons sondes kom betaal, so het Hy as mens ons met God versoen. Sondag 6 van die Kategismus bring dit in alles bymekaar. Ons Verlosser moes waarlik God wees omdat alleen uit die krag van sy Godheid Hy die toorn van God kon dra. Ons Verlosser moes waarlik mens wees want alleen die mens wat gesondig het, kan vir 'n mens versoening bring. Daarom bely ons die een Mens, die één Persoon Jesus Christus wat waarlik God is en waarlik mens is. Omdat Hy ook meer as 'n mens is, Hy is God daarom is Hy die enigste wat kon betaal. Ons het genade voor God gevind en dit as mense.

Broeder en suster, ons moet versigtig wees vir al die dwalinge wat rondom art 19 kan kom. Selfs iemand soos Luther vat hier mis, as ons Luther se Nagmaal beskouing nagaan, dan is

hierdie ’n punt van dwaling- want glo Luther Jesus se liggaamlike is wel onder die tekens van brood en wyn aanwesig, want wil Luther Jesus se menslike natuur ook sien as iets wat oorgegaan het tot ’n staat of toestand wat ook alomteenwoordig kan wees, terwyl ons glo dat Jesus na sy menslike natuur nie oral is nie. As mens is Hy nou net in die hemel, maar na sy Godheid is Hy by ons, sal Hy nooit van ons af weggaan nie. Daar is so baie dwaalleraars aan die gang, waarvan ons maar net die name kan noem van Arius, Hy wat Jesus as skepsel gesien het, wat nie van ewigheid af bestaan nie, ja ook Servet wat verbete teen Calvyn geveg het. Ja, soos aan die begin gestel, ons kan hier nie alles verduidelik nie, dit is nie vir ons as mense om dit alles te verstaan nie. Ons besef sy nature is twéé terwyl Hy net Één is. Dit is onvermeng, elke natuur bly selfstandig, dit is onveranderd- elke natuur behou sy eienskappe, dit is ongeskeie- elke natuur is met die ander verenig in die een Persoon, dit is ongedeeld, die geheel van sy menslike natuur is met die geheel van sy goddelike natuur verenig. Mag die Here vir u en my help om altyd regoor sy Seun te dink. Dit is so belangrik dat ons Hom reg sal ken. Ons verlossing hang af van die wáre leer oor Christus. Onthou die 2de Johannes-brief se ernstige waarskuwing.

AMEN